

## “Kan ’n Christen vervloek word?”

Donderdag 5 Mei 2022

### Gal 3:13

“Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek ’n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe: “Vervloek is elkeen wat aan ’n hout opgehang is.”

### Spr 26:2

“Soos voëltjies wat verbyvlieg en nie gaan sit nie, so gaan ’n vervloeking by jou verby as jy dit nie verdien nie.”

**Wat is vervloeking?** Dit is die teenoorgestelde van seën. Om iemand te vervloek, is om alles wat sleg is aan iemand toe te wens. Dikwels is mense ook bang dat iemand ’n binding op my kan plaas deur ’n vervloeking uit te spreek. In die Bybel kom die woord vervloeking sewentig keer voor. Daar word verskillende Hebreeuse woorde daarvoor gebruik met verskillende betekenis. Dit dra meestal die betekenis van straf op jou sonde of die gevolge van jou verkeerde dade.

In die heidense, ateiïese en demoniese wêreld, word dikwels van vloeke of vervloeking gebruik gemaak, omdat dit dan sogenaamde magiese of toorkrag sou hê om jou leed aan te doen. Dink maar aan die voodoo ens. Dikwels dink mense dat ’n vervloeking ’n soort van krag het om iemand te benadeel.

**Ons lees in die Bybel van God wat mense vervloek.** God se vervloeking is gewoonlik straf op die sonde. Die bedoeling daarvan is dat iemand wat sonde gedoen het hulle moet bekeer olv die Heilige Gees. Ons lees in **Gen 3:14** “En die Here God sê vir die slang: “Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek onder al die diere. Op jou maag sal jy seil en stof sal jy eet, jou lewe lank.” Dit was die straf op die Satan se sonde.

**Maar kan ek iemand vervloek of kan iemand my vervloek?** Ons is wedergeborenes, daarom glo ons. Ons glo omdat ons weet dat Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring deur in ons plek ’n vervloekte te word. Omdat God ons beskerm deur Jesus Christus, kan niemand my vervloek of ’n binding op my plaas nie.

- Ons moet biddend deur die Heilige Gees ’n nuwe lewe lei.
- Ons moet ons juis deur die Heilige Gees laat lei en alle sondes aflê.

Niemand kan my vervloek of ’n binding op my plaas nie want deur Jesus Christus is ek vrygekoop van die sonde en die vloekdood aan die kruis.

- Ek vrees nie meer hulle wat die liggaam kan skade aandoen nie.
- Ek vrees Hom wat my siel in die hel kan werp.

Ek mag niemand ook vervloek nie want die wraak kom God alleen toe. **Rom 12:19** “Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: “Dit is my reg om te straf; Ek sal vergeld,” sê die Here.”

“Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word...” Gal 5:16

Moet nie aan die praktyke van die sondige natuur deelneem nie, lê dit af. Gal 5:19-21

Leef volgens die Vrug van die Gees, laat die Gees jou gedrag bepaal. **Gal 5:22,23** “Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goeiehartigheid, getrouheid, **23** nederigheid en selfbeheersing. **25** Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.” Geen mens kan my vervloek of ’n binding op my plaas nie, want ek word beskerm deur my Hemelse Vader.

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: [gskruger1@gmail.com](mailto:gskruger1@gmail.com)***